

## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. 195

03 MAART 2017

## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

**BEPALING VAN SKAAL PER KILOMETER TEN OPSIGTE VAN MOTORVOERTUIE VIR  
DOELEINDES VAN ARTIKEL 8(1)(b)(ii) EN (iii) VAN DIE INKOMSTEBELASTINGWET,  
1962**

Kragtens artikel 8(1)(b)(ii) en (iii) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), bepaal ek, Pravin Jamnadas Gordhan, Minister van Finansies, hierby dat die skaal per kilometer in daardie artikel bedoel 'n bedrag is wat ooreenkomstig die Bylae hierby vasgestel word.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Gordhan', with a stylized flourish above it.

**PJ GORDHAN**  
Minister van Finansies

## BYLAE

**1. Omskrywing**

In hierdie Bylae beteken “**waarde**”, met betrekking tot ’n motorvoertuig deur die ontvanger van ’n toelae gebruik soos in artikel 8(1)(b)(ii) en (iii) van die Inkomstebelastingwet, 1962, beoog—

- (a) waar daardie motorvoertuig (synde nie ’n motorvoertuig ten opsigte waarvan paragraaf (b)(ii) van hierdie omskrywing van toepassing is nie) deur daardie ontvanger verkry is ingevolge ’n *bona fide* verkoop- of ruiloorreenskoms gesluit tussen partye wat onder uiterste voorwaardes beding is, die oorspronklike koste daarvan vir hom/haar, met inbegrip van enige belasting op toegevoegde waarde maar uitgesluit enige finansieringskoste of rente deur hom/haar betaalbaar ten opsigte van die verkryging daarvan;
- (b) waar daardie motorvoertuig—
  - (i) ingevolge ’n verhuuringsoorreenskoms soos beoog in paragraaf (b) van die omskrywing van “paaient-kredietoorreenskoms” in artikel 1 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, deur daardie ontvanger gehou is; of
  - (ii) ingevolge so ’n verhuuringsoorreenskoms deur hom/haar gehou was en eiendomsreg daarvan na afloop van die verhuuringsoorreenskoms deur hom/haar verkry is,die kontantwaarde daarvan soos beoog in die omskrywing van “kontantwaarde” in artikel 1 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde; of
- (c) in enige ander geval, die markwaarde van daardie motorvoertuig op die tydstip toe daardie ontvanger vir die eerste maal die voertuig of die reg van gebruik daarvan verkry het, tesame met ’n bedrag gelykstaande aan belasting op toegevoegde waarde wat ten opsigte van die aankoop van die voertuig betaalbaar sou gewees het indien dit op daardie tydstip teen ’n prys gelykstaande aan daardie markwaarde deur die ontvanger aangekoop sou gewees het.

**2. Vasstelling van skaal per kilometer**

Die skaal per kilometer in artikel 8(1)(b)(ii) en (iii) bedoel, word, behoudens die bepalings van paragraaf 4, bepaal ooreenkomstig die kosteskaal in paragraaf 3 vervat, en is die som van—

- (a) die vaste koste gedeel deur die totale afstand in kilometers (vir beide private en besigheidsdoeleindes) wat bewys word gedurende die jaar van aanslag in die voertuig afgelê te gewees het: Met dien verstande dat waar die voertuig gedurende ’n tydperk in daardie jaar vir besigheidsdoeleindes gebruik is wat minder is as die volle tydperk van daardie jaar, sal die vaste koste ’n bedrag wees wat in dieselfde verhouding tot die vaste koste staan as die verhouding waarin die tydperk van gebruik vir besigheidsdoeleindes tot 365 dae staan;
- (b) waar die ontvanger van die toelae die volle koste gedra het van die brandstof wat in die voertuig gebruik is, die brandstofkoste; en
- (c) waar daardie ontvanger die volle koste gedra het van die instandhouding van die voertuig (met inbegrip van herstelwerk, diens, smering en bande), die instandhoudingskoste.

### 3. *Kosteskaal*

| Waar die waarde van die voertuig—            | Vaste koste<br>R | Brand-stof koste<br>c/km | Instand-houdings-koste<br>c/km |
|----------------------------------------------|------------------|--------------------------|--------------------------------|
| R85 000 nie te bowe gaan nie                 | 28 492           | 91.2                     | 32.9                           |
| R85 000 te bowe gaan, maar nie R170 000 nie  | 50 924           | 101.8                    | 41.2                           |
| R170 000 te bowe gaan, maar nie R255 000 nie | 73 427           | 110.6                    | 45.4                           |
| R255 000 te bowe gaan, maar nie R340 000 nie | 93 267           | 118.9                    | 49.6                           |
| R340 000 te bowe gaan, maar nie R425 000 nie | 113 179          | 127.2                    | 58.2                           |
| R425 000 te bowe gaan, maar nie R510 000 nie | 134 035          | 146.0                    | 68.4                           |
| R510 000 te bowe gaan, maar nie R595 000 nie | 154 879          | 150.9                    | 84.9                           |
| R595 000 te bowe gaan                        | 154 879          | 150.9                    | 84.9                           |

### 4. *Vereenvoudigde metode vir afstande korter as 12 000 kilometer*

Waar—

- (a) die bepalings van artikel 8(1)(b)(iii) ten opsigte van 'n ontvanger van 'n toelae of voorskot van toepassing is;
  - (b) die afstand wat gedurende die jaar van aanslag in die voertuig vir besigheidsdoeleindes afgelê word, minder as 12 000 kilometers is, of waar meer as een voertuig gedurende die jaar van aanslag gebruik is die totale afstand wat vir besigheidsdoeleindes in daardie voertuie afgelê is nie 12 000 kilometers oorskry nie; en
  - (c) geen ander vergoeding in die vorm van 'n verdere toelae of terugbetaling (behalwe vir parkering of tolgeld) deur die werkgewer aan die ontvanger betaalbaar is nie,
- is die tarief per kilometer, na keuse van die ontvanger, gelykstaande aan 355 sent per kilometer.

### 5. *Effektiewe datum*

Die tarief per kilometer kragtens hierdie Bylae bepaal, is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na 1 Maart 2017 begin.